Ons argitektuurpraktyk is vyf vennote diep. Die ontwerp is die produk van intensiewe worstelgesprekke. Dit is nie altyd die gemaklikste manier van werk nie, maar uiteindelik die bevredigendste. Daarby moet vanselfsprekend die werk binne die gestelde teikens van tyd, koste en gehalte voltooi word.

'n Omgewingsversoende argitektuur is ons saak. Albrecht is die deskundige vir die kulturele omgewing. Dit behels kreatiewe hergebruik van geboue, restourasie en die herbenutting van historiese omgewings in die gees en rigting wat daarin le: die genius loci. Hieruit spruit kennis en selfvertroue vir ons tydgenootlike werk.

Dieter is meer gemoeid met die mikroklimaat van die binnenshuise omgewing. Dit vorm 'n wetenskaplike basis vir 'n omgewingsversoende, energie-effektiewe argitektuur, 'n argitektuur wat in harmonie is met die gedagtes van ekologie en die oorweldigende teenwoordigheid van die son.

**Honiball, T**

Skryf in as B.Arch student aan UP Januarie 1963.
Ontvang B.Arch graad op 13 September 1969.
Registreer as lid van Instituut van Argitekte 24 Oktobeer 1969.

Werk by die volgende firmas:
(i) Burg Doherty en Burg
(ii) Bannie Britz
(iii) Louis Cloete
(iv) Colyn en Meiring

Begin praktyk Van Niekerk, Louw en Honiball saam met Koos van Niekerk en Adriaan Louw in 1980.
Begin praktyk Thomas Honiball Argitekte in 1983.
Vorm praktyk Van der Merwe Honiball Swiegers Argitekte BK saam met Andre van der Merwe en Johan Swiegers in 1986.

My werk is tot op hede baie sterk beinvloed deur klassieke formele ontwerpe, Art Deco en die Suid-Afrikaanse klimaat. Behalwe die skep van nuwe argitektuur het ek 'n groot belangstelling in bewaring en was betrokke by verskeie projekte wat restourasie en herbenutting behels

**Jooste, K (wyle)**

Karl Jooste is gebore op 16 Oktober 1925 in Vermeulenstraat, Pretoria. Hy ontvang sy Primêre skoolopleiding in Pretoria en later besoek hy die Innes Laerskool te Uitenhage. Sy Hoërskool opleiding ontvang hy aan die Afrikaanse Hoër Seunskool Pretoria. Hy matrikuleer in 1943. Hy studeer aan die Universiteit van Pretoria van 1944 tot 1947 en behaal die diploma in argitektuur en in 1953 'n Baccalarius in argitektuur. Hy doen praktiese ondervinding op by Norman Eaton vanaf sy tweede jaar as argitekstudent. (Norman Eaton het onder die vleuels van Herbert Baker gestudeer). Hy werk ook vir Norman Schmickl in Pretoria.

Karl Jooste het in 1954 verder studeer in Europa. Hy het 'n intensiewe ter plase studie gemaak van die bou- en kunsgeskiedenis: Griekse, Romeinse, Vroeë Christen, Bisantynse, Gotiese, Renaissance, Roccoco, Romantisme, Manierisme, Elizabethan en Victoriaanse, Industriële Rewolusie en Kubisme met tydelike afwykings in die Oosterse filosofie. Karl het 'n tweede keer in 1964 'n besoek aan Europa gebring met spesiale klem op hospitale. Daar ontmoet hy Le Corbusier. In 1970-1 besoek hy weer Europa.

In 1957 begin Karl sy eie praktyk. Sy vrou Sylvia is van die begin 'n integrale lid van Argitekte Karl Jooste. Hy praktiseer met argitekte WA Steyn, C Gerneke, F Viljoen, AE Du Toit en J Malherbe. Karl en sy staf ontwikkel 'n proporsionele sisteem van meetkundige verhoudings basseer op die werk van Hamridge en Le Corbusier. Die teoretiese raamwerk word die basis vir alle projekte deur die praktyk ontwerp.

Karl Jooste is dikwels met die Universiteit van Pretoria assosieer, waar hy argitektuur dosseer het en as eksterne eksaminator opgetree het. Hy sterf in 'n motorongeluk naby George op 12 Februarie, 1971. Hy was ten tye van sy